higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N6

(5070046)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE SKAKELWESE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1

MACUFE 2017

2017 MANGAUNG AFRIKA KULTURELE FEES, '*RE YA TSHOLA*'
20STE HERDENKING MYLPAAL

Een van die mees gewilde kulturele feeste op die Afrika kontinent en verder in Afrika het in Oktober 2017 'n geskiedkundige mylpaal van 20 jaar gevier. Die fees het van 'n nederige begin van krag tot krag gegroei en het ongetwyfeld internasionale status bereik.

Soos in vorige jare het die 2017-Macufe-fees almal oorrompel met 'n aksiebelaaide en hoogs vermaaklike program wat die fees se slagspreuk: 'When your heart and soul is African' en die 2017-tema: '*Re Ya Tshola*' onderstreep het.

Die 2017-Macufe-fees het van 29 September tot 8 Oktober plaasgevind.

Deur die 20 jaar van sy bestaan, kan die fees onder andere opreg trots wees oor die volgende mylpale:

- Bydrae tot die groei in toerisme en ekonomiese groei van Mangaung Metro Munisipaliteit gebore uit ekonomiese impakstudies wat die Universiteit van die Vrystaat uitgevoer het
- Groei in die getal besoekers wat die verskillende venues van die fees volgepak het
- Om internasionale, nasionale en plaaslike kunstenaars van 'n hoë kaliber te lok, tot almal se vreugde
- Om borgskappe van gerespekteerde privaat sektor maatskappye soos Vodacom, Standard Bank, MTN, die Nasionale Lotery en verskeie ander te lok
- Bydrae tot die bevordering van sosiale kohesie en nasiebou
- Bemagtiging van bevordering van klein, medium en makro-ondernemings (KMMOs)

[Bron: *September 7, 2017 in Event by Admin*]

1.1.1 Beskryf kortliks die situasie in die gevallestudie. (2)

1.1.2 Noem DRIE oogmerke van die gebeurtenis. (3)

1.1.3 Noem DRIE teikengroepe van die 2017-Macufe-fees. (3)

1.1.4 Wat was die tema wat die teikengroepe moes bereik? (2)

1.1.5 Watter aktiwiteite het plaasgevind om voor te berei vir die fees? (4)

1.1.6 Watter elemente moes by die 2017-Macufe-fees se begroting ingesluit word? (4)

1.1.7 Op watter maniere kan terugvoer en evaluering verkry word aangaande die sukses van die fees? (2)

Kopiereg voorbehou

1.2 1.2.1 Noem VYF doelwitte waarop gefokus is tydens die 2017-Macufe-fees. (5 × 2) (10)

1.2.2 Noem VYF tipes borgskappe in Suid-Afrika. (5)

1.2.3 Die Macufe-fees in Mangaung is 'n jaarlikse gebeurtenis wat besoekers van oral oor Suid-Afrika en buurlande lok en skep 'n goeie inkomste uit toerisme vir die Mangaung-streek.

Noem en bespreek VYF tipes uitstallings. (5 × 2) (10)

1.2.4 Noem VYF areas van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid waarby borge van Macufe kan betrokke raak. (5)
[50]

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte item uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 'n Skenking is finansiële of materiële ondersteuning wat aan partye gegee word (sonder om enige iets terug te verwag/met die verwagting dat iets teruggegee gaan word).

2.1.2 Dit is ekonomies om (ongestandaardiseerde/gestandaardiseerde) grootte papier in 'n drukker te gebruik.

2.1.3 Die (fotogravure/litografiese) proses word vandag universeel gebruik omdat dit geskik is vir 'n groot verskeidenheid drukwerk.

2.1.4 Massakommunikasie-terugvoer is (indirek/direk) en vertraag.

2.1.5 Wanneer enige publikasie beplan word, moet daar (eerste/later) oor die oogmerk van die publikasie, die teikengroep en die beskikbare begroting besluit word.

(5 × 2) (10)

2.2 Noem die tipe media vir:

2.2.1 Televisie

2.2.2 Video

2.2.3 Borgskap

2.2.4 Baniere

2.2.5 Selfone/telefone

(5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik VYF kriteria wat in ag geneem moet word wanneer die media gekies moet word. (5 × 2) (10)

2.4 Noem en beskryf VYF tipes inligting wat die drukker verlang. (5 × 2) (10)

2.5 Beskryf VYF kriteria om 'n plek te kies. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 3

3.1

Devland Tuine – 'n Nuwe semi-voorstad
Hoek van Goue Hoofweg en N2, oorkant Ziphora Tuine

Nuwe huise te koop

Drie slaapkamers – 60 vierkante meter
Ons doen meer vir jou

Prys: Vanaf R350 000

Naby Krugersdorp SBD
Naby MM Mall
Naby TBOO-kollege
Omring deur verskeie hoërskole en kleuterskole

Vir navrae kontak Naji of Bucks by 0860 00 1122, 24/7

3.1 Evalueer of die advertensie hierbo aan die AIDCAS-beginsel voldoen.

Verduidelik hoe dit:

3.1.1 Aandag trek

3.1.2 Belangstelling wek

3.1.3 Begeerte skep

3.1.4 Geloofwaardigheid kry

3.1.5 Beweeg om op te tree

3.1.6 Tevredenheid waarborg

(6 × 2) (12)

3.2 Noem TIEN fundamentele reëls om vir 'n moontlike krisis voor te berei. (10)

3.3 Bespreek kenmerke van 'n krisis. (5 × 2) (10)

3.4 Noem AGT algemene mites oor fondsinsameling. (8)

3.5 Beskryf VYF oogmerke van openbare skakelwese navorsing. (5 × 2) (10)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Die beste uitstalling sal misluk as die personeel wat die stalletjie beman nie gemotiveerd en opgelei is nie.

Noem VYF riglyne om 'n stalletjie te beman. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VYF vereistes van 'n goeie ontwerp. (5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik hoe besighede gemeenskappe met elk van die volgende kan ondersteun:

4.3.1 Onderwys

4.3.2 Behuising

4.3.3 Gesondheid

4.3.4 Kuns en kultuur

4.3.5 Omgewingsbewaring

(5 × 2) (10)

4.4 Noem VYF wenke om die vrees om finansiers te vra, te oorkom. (5 × 2) (10)

4.5 Bespreek VYF riglyne om die pers te hanteer. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou